

1 Johannes 4:6

*Hieruit ken ons die Gees
van die waarheid en
die gees van die dwaling*

REDAKSIONEEL

Foto teen die muur

Teenaan die mure van heelparty studeerkamers en kantore, raadsale en biblioteke, konsistories en kerkkantore hang een of meer foto's van bekende persone. Dié foto's vertel 'n verhaal. Meestal dui dit op 'n band met die betrokke persoon. In baie gevalle leef die mense van wie die foto geneem is nog. Veral as die foto in 'n konsistorie hang. In baie ander gevalle het diegene wat na die foto kyk hoegenaamd geen persoonlike band met die persoon wat daarop afgebeeld is nie. Tog word daar op een of ander wyse met dié persoon vereenselwig – anders sou die foto nie daar hang nie. Ons woordgebruik is deurgaans so sterk oor die identifisering met die persoon op die foto dat dit klink asof hy persoonlik teenwoordig is. As 'n kind vra 'wie se foto is dit?', dan kom die antwoord vinnig: dit is Calvin, of Dirk Postma, of Totius. Die daaropvolgende vraag is logies: 'hoekom hang Calvin se foto daar?' So 'n vraag gee aanleiding tot die vertelling van 'n kosbare stuk geskiedenis.

Maar die vraag laat 'n mens ook verder dink. Afbeeldinge van begunadigde voorgangers uit die verlede is stille aanskouers

en aanhoorders van alles wat in raadsale en konsistories besin en beredeneer en bepraat word. Die feit dat hulle foto's daar hang, veronderstel dat daar 'n band met hulle onderhou word. Gestel vir 'n oomblik dat hulle sêlf die vergadering of gesprek moes bywoon. As die vaders van die verlede nie meer stille foto-aanskouers is nie, maar aktiewe deelnemers – wat dan? Hoe sou hulle aan die debat deelneem? Wat sou hulle sê? Waarmee sou hulle saamstem, en waarmee nie?

In die Gereformeerde Kerke is ons daarop gestel om die voorgangers wat die Woord van God aan ons verkondig het, te gedenk. Ons en ons kinders word opgeroep om die uiteinde van hulle lewenswandel te aanskou en hulle geloof na te volg (Hebreeërs 13:7). In praktyk beteken dit dat ons besig is met die werke wat hulle nagelaat het. Predikante raadpleeg die kommentare van die ou kerkvaders as hulle eksegeese doen. Menigmaal word Calvin se *Institusie* bestudeer om vas te stel hoe hy op grond van die Skrif oor sake gedink het. As ons meer oor die metodisme wil weet, is Totius se proefskrif 'n kosbare bron vir

navorsing. Wat gebeur in effek? Die foto teen die muur praat met ons. Dit is nie net 'n afbeelding van 'n persoon wat ons nie ken nie – dit is 'n voorganger op wie se werk ons voortbou (Psalm 90:17).

Die oomblik as ons só met hulle werke besig is, moet daar groot versigtigheid aan die dag gelê word. Dit kan maklik gebeur dat woorde in die mond van die kerkvaders gelê word – woorde wat hulle nie gesê het nie. As hulle geleef het, sou hulle hul daarvoor kon uitspreek. Nou is hulle stil. Hulle nalatenskap moet dus met die grootste versigtigheid en omsigtigheid hanteer word. Dit kan ook maklik gebeur dat die voorgangers van die verlede as bewysmateriaal gebruik word om 'n eie standpunt te regverdig. 'Calvyn het gesê!'. Wie sê Calvin het so gesê? Is hy suiwer aangehaal? En belangriker: het Calvin die laaste woord? Calvin self sou glad nie op so 'n wyse op 'n troon geplaas wou wees nie. Augustinus, Luther en Knox, Voetius en a'Brakel, Dirk Postma en Totius ewemin. Dienaars van God se werk word altyd getoets aan die Woord van God. Dit lei geen twyfel dat ons hulle kosbare werk met groot vrug

INHOUD

- | | | |
|---|--|--|
| 1 Redaksioneel
Foto teen die muur | 4 Kerkerf
Luther se kruisteologie –
490 jaar gelede
<i>Dr VE d'Assonville</i> | 8 Aktueel
Resepsieteorie: dwaalgees van die
hermeneutiek
<i>Ds LJ Erasmus</i> |
| 2 Skrifoorndenking
Die vrees van die HERE as fontein
van die lewe
<i>Ds LJ Erasmus</i> | 6 Uit die geskiedenis
Martin Bucer – 'n lewensskets
<i>Dr GJ Meijer</i> | 11 Persskou
Ons huwelike en die bruilof van
die Lam
<i>Dr GJ Meijer</i> |

kan en moet gebruik nie. Dit bly egter hulle uitleg van die Skrif. Die Skrif gee die deurslag.

Foto's teen die muur is kosbaar. Dit vertel van God se genade. Sy verbond word van geslag tot geslag in stand gehou. Foto's teen die muur moet net reg gebruik word. Wanneer ons met die werke

van ons voorgeslagte besig is, is eerlikheid en beskeidenheid die wagwoord. Ons durf nie onder die vaandel van 'groot name' sake op 'n spits te dryf wat hulle nooit eers gestel het nie. Ons durf ons afgestorwe voorgangers ook nie op 'n verhoog te plaas en hulle te kanoniseer nie. Ons dank God dat

ons saam met hulle medewerkers mag wees (1 Korintiërs 3:9); medewerkers in diens van die groot Werkgewer. Ons gebruik hulle nalatenskap om doelgerig in God se kerk en koninkryk verder te arbeid – hier en nou.

GJM

SKRIFOORDENKING

Ds LJ Erasmus, Pretoria-Daspoort

Die vrees van die HERE as fontein van die lewe

Lees: Spreuke 14:26-27; 1 Petrus 2:11-17

In die vrees van die HERE lê 'n sterk sekerheid, ook vir die kinders van 'n sodanige sal daar 'n toevlug wees. Die vrees van die HERE is 'n fontein van die lewe, om van die strikke van die dood af te wyk.

Een van die frases in die Bybel wat sommige mense nie reg verstaan nie, is: die vrees van die Here. Ons hoor vandag al meer gesprekke en selfs prediking oor 'n persoonlike verhouding met Jesus. Jy moet in 'n intieme, naby verhouding met Hom leef. Om Hom te vrees is outyds. Ons hoor ook dat bekende mense hulself distansieer van hierdie saak – hulle wil nie die boelierge God van die Ou Testament aanbid nie. Hulle glo nie dat dit reg is om die Here te vrees nie. Hulle wil net 'n liefdevolle Vader, wat hul sondes vergewe, aanbid. Baie mense kies dan ook die goue middeweg hieroor en bely dat ons God nie meer hoef te vrees nie. Alhoewel ons tog nou baie meer verstaan as die mense van die Bybelse tyd, moet ons wel 'n baie hoë agting vir Hom koester.

Die feit dat die wyse Prediker dit beveel, maak nie 'n verskil aan die godsdiens waarmee mense bereid is om God te verheerlik nie. 'Die

hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooie; want dit geld vir alle mense' (Prediker 12:13). Nee, sê hulle, agting en respek, dit is wat God moet ontvang. Ek hoef nie vir God bang te wees nie. Daardie teks staan in die Ou Testament. Dit het geld voor die koms van Christus. Ons is Nuwe-Testamentiese christene. Dit geld nie meer vir ons nie.

Hulle misgis hulle egter totaal. Dieselfde opdrag kom wel 'n paar keer in die Nuwe Testament voor. Die opdrag in 1 Petrus 2:17, om God te vrees, klink vir baie onaanvaarbaar. Petrus skryf aan die uitverkorenes wat soos vreemdelinge oor die hele bekende wêreld verstrooi is. Hy vermaan hierdie geliefdes (vers 11) om hul lewenswandel onder die heidene skoon te hou (vers 12), om deur goeie dade te doen die onkunde van dwase mense stil te maak (vers 16). Hulle moet God vrees (vers 17).

Weerhou

Die woord *yirad* wat in die Hebreeuse uitdrukking *yirad Jahwe* gebruik word vir die vrees van die Here, wys op vrees én ontsag. Elkeen wat die Here nie in sy dade eer nie, wat in diepe antagonisme met God leef, hulle vrees die Here met 'n afskuwelike

bangheid, 'n vrees vir regverdige vergelding *omdat hulle onversoende sondaars is*. Hulle vrees kom eintlik neer op 'n haatlike afsku vir God. Sommiges is wel kerkmense, maar dien die Here uit werklike vrees vir vergelding. Dit is beslis nie die vrees van die Here waarvan die teks praat nie. Die gelowige wat in Jesus Christus met God versoen is, hoef nie op dieselfde wyse as hierdie vreesagtiges te vrees nie. Elkeen wat uitverkies en in die soenoffer van Christus geregverdig is, leef in 'n kinderlike dankbaarheids-vrees.

Ware gelowiges leef in 'n heilige respek en terselfdertyd 'n warme liefde vir God. Hierdie vrees van die Here, wat uit geloof en genade voortspruit, is tegelyk 'n bewustheid daarvan om in die teenwoordigheid van ware Grootheid en Majesteit te wees, 'n opwindende beleving van besondere bevoorregting, 'n oorborrel van respek en bewondering vir hierdie Here, en 'n oortuiging dat God se wil vir my lewe al is wat regtig saak maak. Vir elkeen wat die Here waarlik vrees met hierdie Bybelse betekenis van vrees, is die Vaderlike goedkeuring van hoogste belang, en is die verlies daaraan die grootste denkbare ramp. Om die Here te vrees is dus om 'n hart te hê wat op ons Here se Godheid, sy genade

en sy goedertierenheid gerig is. Die vrees van die Here is om terselfdertyd geweldige ontsag en agting te ervaar én in groot vreugde te besef Wie die Here werklik is en wat Hy vir jou gedoen het. Ware vrees van die Here jaag jou dus nie weg van God af nie, maar dring jou om nader te kom. Daarom lê jy die sonde gewilliglik af – om nader aan die Here te kan groei.

Integriteit

Wanneer Petrus die gelowiges in die verstrooiing aanspoor dat hulle God moet vrees (1 Petrus 2:17) is dit 'n baie praktiese vermaning om hulle te onthou van vleeslike begeertes, wat stryd voer teen die siel. Hulle moet hul lewenswandel onder die heidene skoon hou, sodat dit tot heerlijkheid van God kan strek. Hulle goeie daad van onderdanigheid aan elke menslike verordening ter wille van die Here, is wat ons integriteit noem. Hierdie mense het 'n sterk sekerheid in die vrees van die Here – dit is vir hulle die fontein waaruit hulle lewe. Daarom doen hulle niks wat die Here nie sal behaag nie. Hulle het integriteit omdat hulle nie op hul woord teruggaan nie. Hulle het integriteit omdat hulle eerlik optree. Hulle bely dat hulle voor die aangesig van God leef. Daarom leef hulle só dat God verheerlik word in wat hulle doen. Hulle integriteit word bepaal deur hulle onwankelbare vasgryp aan die Here. Spreuke 14:26 leer dat hulle kinders ook 'n toevlug by die Here sal hê. Deur woord en daad, deur voorbeeld en lewe, leer hierdie ouers hul kinders om waarlik te glo, om in die heerlike sekerheid van die vrees van die Here te leef. Die verbondstrou van hierdie genadige Here wat hulle vrees, is die rede vir hulle ongetwyfelde integriteit.

Gehoorsaam

'Die vrees van die HERE is 'n fontein van die lewe, om van die strikke van die dood af te wyk' (Spreuke 14:27). Elke mens wat homself en sy eie sondige en bese hart ken, weet dat sy eie hart die grootste sondefabriek in die omgewing is. Vir die wat in Jesus

Christus begenadig is om vergifnis te ontvang, bied die vrees van die Here 'n veilige werkswyse om die sonde af te lê. Omdat jy in die vrees van die Here dors om nader aan die Here te beweeg, gryp jy elke geleentheid aan om in jou geloof en kennis te kan groei. Jy deursoek die Bybel, jy lees en jy lees omdat hierdie wonderlike genade jou verwonderd laat. Jy doen moeite om elke erediens by te woon wat beskikbaar is – jy voel jy kan nie bekostig om één Woord van God te mis nie. Jy konsentreer om jouself hoe langer hoe meer aan Christus te wy. Dit beteken dat jy doelbewus en berekend met jou sonde breek. Jy weet wat in jou hart en in jou lewe verkeerd is, al weet die mense om jou dit nie noodwendig nie. Maar jy luister na die Heilige Gees wat jou leer, lei en herinner (Johannes 14:26) om die goeie te soek en die kwade af te lê. Só ontwyk jy die strikke van die dood, omdat jy die Here bo alles vrees en wil verheerlik.

Verdryf

Die duidelikste verandering wat die vrees van die Here by ons bring, is sekerlik die vryheid van die vrees van mense. Baie mense het nie die moed om openlik te wys dat hulle Jesus dien nie. Tog was dit die uitstaande kenmerk van elkeen van die Hervormers van die 16de eeu. Hulle het selfs in lewensgevaar geen mens gevrees nie, omdat die vrees van die Here hul harte en sinne bewaar het. Ware gelowiges wat leef in die vrees van die Here, is mense wat die evangelie verkondig. Psalm 22:9 (berymd) stel dit so: '... laat wie God vrees uit altyd wyer kringe sy lof vertel'. Die belang hiervan word ook deur ons Here beklemtoon. Christus vermaan ons in Matteus 10:28: 'En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liever wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel'. Dan kom die waarskuwing oor ons vrees vir mense: 'Maar elkeen wat My verloën voor die mense, hom sal Ek ook verloën voor my Vader wat

in die hemele is' (Matteus 10:33). Geen ware gelowige wat leef met die verwondering en vreugde van die vrees van die Here, sal kan stilbly oor die genade wat aan hom betoon is nie.

Die vrees van die Here is nie 'n saak van verskrikking vir ware gelowiges nie. Inteendeel, dit is die versamelbegrip wat ons hele lewe se gelowige diens aan God omvat. Die vrees van die Here is die vertrekpunt van ontsag en respek waarmee jy tot die Here nader, die heerlike vreugde en blydschap waarmee jy Hom elke dag verheerlik en dien, ook die vaste vertrouwe op die verbondstrou waarmee die Here handel, en die oortuiging van jou hart dat die Here se wil en oordeel die heel belangrikste van alles is. Daarom is die vrees van die Here vir jou iets kosbaars. Psalm 119:9 vra: 'Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou?' Leer die kinders: 'In die vrees van die HERE lê 'n sterk sekerheid, ook vir die kinders van 'n sodanige sal daar 'n toevlug wees. Die vrees van die HERE is 'n fontein van die lewe, om van die strikke van die dood af te wyk'.

Luther se kruisteologie - 490 jaar gelede

Luther, Reformasiedag en die 95 Stellings (1)

Hamerslae deur Europa

Op 31 Oktober 2007 was dit presies 490 jaar gelede dat daardie houe op die spykers weerklink het. Wat hamerslae was aan die kerkdeur van die 'Kasteelkerk' in Wittenberg – met 'n normale, gebruiklike uitnodiging tot 'n akademiese diskussie – sou, in die figuurlike sin van die woord, hamerslae word wat deur die hele Europa sou weerklink; hamerslae waarvan die weerklink vandag, byna 'n halwe millennium later, nog nie opgehou het om te bedaar nie; hamerslae van die Woord waarvoor die wêreld die oor nie kan sluit nie.

Die feit dat Luther op die 31^{ste} Oktober 1517 sy beroemde 95 Stellings aan die Wittenberg-kerkdeur vasgespyker het, is bekend; nogal wyd bekend. Al is dit die afgelope paar dekades deur 'n historikus of twee bevraagteken, word steeds – ook binne navorsingskringe – redelik algemeen aanvaar dat dit histories wel plaasgevind het.

'n Duitse Lutherkenner in die Vrystaat en Karoo

Terwyl Luther 'n bekende naam is, is die inhoud van die 95 Stellings daarenteen grootliks onbekend. Dat die berugte handel in 'aflaate' deur die Roomse Kerk destyds die finale deurslag gegee het tot hierdie 95 Stellings deur Luther, is 'n feit wat meestal darem as algemene kennis van katkisasiekinders verwag word. Maar wat was die inslag daarvan? Watter betekenis het dit vir die kerk, vir die geloof, vir die gewone gelowige gehad? Wat was die teologiese speerpunt van die Stellings? Het dit enige aktuele waarde vir vandag, byna 500 jaar later? En wat is 'aflaate' presies?

Oor hierdie vrae en nog vele

ander is op 22 Oktober 2007 tydens seminare by die Fakulteit vir Teologie in Bloemfontein (Universiteit van die Vrystaat) besin, asook by byeenkomste wat deur die loop van daardie week elders by etlike ander gehore aangebied is. Daaronder was 'n byeenkoms van predikante (hoofsaaklik Sesotho-sprekend) van die NG Kerk in Afrika in Bloemfontein op 24 Oktober 2007 en 'n bespreking by die Gereformeerde Kerk Colesberg op 28 Oktober – alles met die oog op die herdenking van Reformasiedag op 31 Oktober 2007.

Die hoofspreekster by hierdie geleentheid was die Lutherkenner, professor Udo Kern, sistematiese teoloog van die Universiteit Rostock. Vanaf 1998-2003 was hy die hoof van die *Luther-Akademie-Sondershausen* en sedert 2004 raadslid van die *Luther-Akademie Sondershausen-Ratzeburg* in Duitsland. Nie net weens sy oorwoë kennis van Luther en sy geskrifte is prof Kern uitstekend toegerus om meer perspektief op die 95 Stellings en Luther se teologie te kon bied nie, maar ook die feit dat die Middeleeue en die Middeleeuse teologie onder sy spesialiteitsgebiede tel, het hom by uitnemendheid geskik gemaak om as gasspreker by hierdie geleentheid op te tree. In die nadenke oor Reformasiedag was dit baie insiggewend en verrykend om vars, deeglik verankerde perspektiewe op hierdie gebeure van daardie veelbewoë tydperk van 1517 en daarna te verkry.

In kort word hier 'n weergawe gebied uit die voordragte van prof Kern oor Luther, sy teologie en sy 95 Stellings van 1517. In hierdie uitgawe word ingegaan op die gebeure wat aanleiding gegee het tot die vasspyker van die Stellings op 31 Oktober 1517. In 'n volgende

uitgawe word dan beoog om meer by die teologiese inhoud van die 95 Stellings self, na aanleiding van prof Kern se referate daarvoor, stil te staan.

Brand in die vuur

Om die 'aflaate' te verstaan, moet 'n mens iets weet van die Roomse idee van die vagevuur. Die vagevuur en die vrees daarvoor bied immers die agtergrond vir die aflaatstelsel. Dié Middeleeuse, Roomse konsep gaan terug op 'n denkbeeld, na aanleiding van 1 Korintiërs 3:15. Hiervolgens moet die begenadigde mens, indien hy met sy afsterwe nog uitstaande, onbetaalde sondes het, daarna in 'n vuur vir die sondes boete doen. Ten einde jou eie lyding, of dié van 'n (selfs reeds oorlede) dierbare, in dié tussenfase ná die dood en voor die wederkoms te verlig of te verkort, kan 'n mens van 'aflaate' gebruik maak – 'n manier om jouself of 'n dierbare deur iets wat jy doen of deur iets wat jy betaal (vir 'n 'aflaatbrief') los te koop van sondestraf of -skuld.

Betaal vir jou sondes

Hierdie 'aflaat' of 'n aflaatbrief is volgens prof Kern 'n praktyk waarvan die wortels terugstrek tot in die negende eeu. Toe al het die kerklike voorstelling begin ontwikkel dat deelnemers aan godsdiensoorloë teen ongelowiges, van hulle kerklike sondeskuld onthef kan word.

Die offisiële handel in aflaate het in die vroeë 16^{de} eeu tot verdere hoogtepunte gestyg; of beter gestel, tot laagtepunte gedaal. Dit is gevoed deur die oortuiging dat die mens, wat – hoewel hy gered is – tog nog uitstaande sondeskuld het, met geld kan kompenseer vir sy sondes in plaas daarvan om in die vagevuur daarvoor te betaal.

Hierdie oortuiging het nie net onder die breë bevolking, van wie die meeste analfabete was, inslag gevind nie, maar is ook verder uitgebuit as gerieflike manier om geld vir die 'kerk' in te samel. Soos ook vandag ongelukkig die geval is, draai alles uiteindelik maar weer om geld, aldus prof Kern.

Geld insamel vir die kerk ...

Tog het die aflate 'n baie goeie doel nagestreef – só is geredeneer op 'n manier wat vir die 21^{ste}-eeuse mens ongelukkig maar al te bekend klink. Van die kant van die kerklike leiding was daar heelwat positiewe aspekte beklemtoon. Die doel heilig tog die middel? Só word altyd in 'n tyd van deformatsie geredeneer. Behalwe dat die aflate geteer het op die Middeleeuse bygelowige vrees en angste vir die vagevuur en die hel, was daar bitter dringend geld nodig vir 'n ambisieuse bouprojek in Rome, die nuwe Sint Petruskatedraal. Onder die skynvaandel van die eer van God moes die grootste kerkgebou op aarde opgerig word.

Aflate in 2007?

Ons sou egter 'n groot fout maak, só het prof Kern aangetoon, as ons die hele kwessie van aflate as iets van lank gelede beskou, asof dit vandag geen rol meer in die Roomse Kerk sou speel nie. Nog so onlangs as 1983 het die Roomse Kerk in hulle amptelike CIC (*Codex Iuris Canonici*) as deel van hulle *canones* (regulasies waaraan alle Roomse priesters en lidmate gebonde is) gestipuleer (Canon 992) dat 'n 'aflaat' die afslag is op tydelike straf vir sonde voor God, sonde waarvan die skuld reeds uitgewis is (*Indulgentia est remissio coram Deo poenae temporalis pro peccatis, ad culpam quod attinet iam deletis*). Hierdie afslag kan deur die gelowige verkry word met die hulp van die Kerk (= Roomse Kerk, VEd'A) wat in die bediening van die verlossing (*ministra redemptionis*) die skat van die genoegdoenende versoeningswerk van Christus en die Heiliges (*thesaurum satisfactionum Christi et Sanctorum*) gesaghebbend uitdeel en toevoeg/aanwend (*auctoritative dispensat et applicat*).

Klein monnikie teen hele 'Kerk'

As uitvloeisel van 'n algemene 'aflaat', wat reeds op 31 Maart 1515 vir groot dele van die Duitse gebiede deur die pous Leo X afgekondig is en vir agt jare geldig sou wees, het die magtige Albrecht (aartsbiskop van onder meer Magdeburg en Mainz) wat geweldig baie skuld gehad het, in die aflaathandel 'n geleentheid gesien om sy skuldberge te laat verklein. Hy is as amptelike 'aflaatkommissaris' benoem. In die kerkprovinsie van Magdeburg sou Johannes Tetzl sy amptelike rondreisende agent, die 'Generalsubkommissar' van die aflaathandel wees. Die helfte van die inkomste sou gaan vir die bou van die katedraal in Rome, die ander helfte vir die afbetaling van Albrecht se skuld.

Toe Tetzl, in opdrag van Biskop Albrecht, daardie herfs ook in Wittenberg met die kerklike bemerking van aflate gekom het, sou dit die spreekwoordelike vonk in die kruitvat wees. Daar is nie rekening gehou met 'n onbekende Augustynse monnik, Martin Luther, wat in daardie stadium as jong professor aan die nuutgestigte, klein landelike universiteit in Wittenberg voorlesings uit die Bybel gegee het nie.

Teologiese misverstand?

In pastorale gesprekke met gelowiges het Luther onder die indruk gekom van die vernietigende uitwerking van hierdie aflaathandelspraktyk in hulle persoonlike geloofslewe. Juis hierdie aspek – die pastorale – sou 'n sentrale lyn van argumentasie in sy 95 Stellings vorm.

Luther kon egter nie dink dat hierdie wanpraktyk, met sy aftakelende skade in mense se lewens, werklik die goedkeuring van die kerklike leiding kon geniet nie. Onder die indruk daarvan dat hier 'n misverstand heers, wat deur Tetzl uitgebuit word, oordeel hy dat Pous Leo X net nodig het om kennis daarvan te dra en dat Aartsbiskop Albrecht ingelig behoort te word oor hierdie uitbuiting van die gewone mense. In 'n skrywe van 31 Oktober 1517, geadresseer aan Albrecht en

waaraan hy die 95 Stellings heg, eis Luther dat Albrecht sy uitgebreide instruksie oor die aflaat, *Instructio summario subcommissariis* terugtrek.

Veldbrand deur Europa

Die vuur van Reformasie was nie meer te keer nie. 'n Raadslid van Neurenberg vertaal sonder Luther se medewete sy Latynse Stellings in Duits. Letterlik honderde drukke volg en die Stellings word tot in die uithoeke van die *Heilige Romeinse Ryk van die Duitse Nasie* en selfs verder versprei. Met soveel gelowiges wat honger en dors na die Woord van God, word dit oral feitlik letterlik verslind. Luther self sou geen beheer oor die reaksie daarop kon uitoefen nie. Invloedryke mense (byvoorbeeld die beroemde skilder Albrecht Dürer) maar ook – en veral – die gewone man op straat word aangegryp en gegryp deur die eenvoudige boodskap van die Woord, deur die evangelie.

Luther self het hoegenaamd nie daarmee rekening gehou dat daar só 'n oorweldigende reaksie sou wees nie. Enkele maande vantevore het hy eintlik baie belangriker en meer brisante (letterlik: vinnig ontploffende) teologiese stellings – gerig teen die skolastieke teologie van sy tyd – ook ter diskussie aangebied. Die Here het dit so beskik dat juis die stellings oor die aflaathandel (waar dit gaan oor 'geld' en die 'verdien van skuldvrystelling', by implikasie oor die gesag van die kerk versus die gesag van die Skrif, met ander woorde oor Christus se gesag) die tere geloofsnare sou roer en op vrugbare aarde sou val.

Aangekla van dwaalleer

Soos die kerkgeskiedenis (en reeds die Bybelgeskiedenis) ons leer, is een van die eerste wapens wat teen profete vir die waarheid aangewend word, meestal om hulle van dwaling te beskuldig. In Luther se geval was dit ook nie anders nie. In plaas daarvan om Luther uit die Skrif teologies te weerlê, word hy verdag gemaak.

Reeds in Desember 1517 reageer Aartsbiskop Albrecht op Luther se brief aan hom, deur Luther as ketter aan te kla. In Januarie 1518 sou Dominikaners dit ondersteun deur op hulle beurt ook vir Luther aan te kla.

Luther self het egter nie teruggesit

nie; só 'n luukse bestaan daar vir 'n ware bedienaar van die Woord nooit nie. In 1518 publiseer hy 'n kommentaar op sy 95 Stellings, die *Resolutiones disputationem de indulgentiarum virtute*.¹ Daar stel hy baie duidelik waaroor die hele saak gaan: 'Ons word dus deur die

geloof geregverdig, deur die geloof kom ons tot vrede, nie deur werke of boetedoening of die biegnie'.²

1 WA 1, (522) 525-628; Cl. 1, (15) 16-147.

2 'Also werden wir durch den Glauben gerechtfertigt, durch Glauben gelangen wir zum Frieden, nicht durch Werke oder Buße oder Beichte.' WA 1, 544,7f.

UIT DIE GESKIEDENIS

Dr GJ Meijer, Wonderboompoort

Martin Bucer – 'n lewensskets

Reformasie is nie die werk wat 'n mens uitdink en doen nie. Reformasie is 'n daad van God. Vanuit die hemel word herstel op die gebroke aarde deurgevoer. Daarvan is die hervorming van die 16de eeu 'n klinkklare bewys. Dit is nie mense wat besluit het om orde op sake te stel nie. God het die tyd ryp gemaak om 'n einde aan die donker Middeleeue te bring.

In die proses van reformasie gebruik die Here mense as sy diensknegte. Tydens die reformasie van die 16de eeu val die klem op sekere persone met wie ons deurgaans goed bekend is: Marten Luther, Johannes Calvyn, John Knox. Elkeen van hulle het 'n unieke taak in God se magtige werk van reformasie gehad. Maar saam met hulle was daar talle ander wie se name vir baie van ons minder bekend is. Nie omdat hulle werk van minder belang is nie. Intendeel. Alle werk in diens van God is van die hoogste belang. Buitendien, al die werk van al die reformatore tesame vorm deel van die een groot herstelwerk wat God tot stand bring.

Een van die minder bekende reformatore is Marthinus Bucerus – kortweg, Martin Bucer. Op 11 November 1491 word hy in Schlettstadt, destyds 'n dorp in Duitsland, gebore. Vandag is dit 'n dorp in Frankryk. Bucer is vyf jaar jonger as Martin Luther, en 18

jaar ouer as Johannes Calvyn. In sy latere lewe sal hy met altwee hierdie bekende reformatore nog heelwat te doen kry.

Sy oupa was baie lief vir hom. Oupa Bucer het alles in sy vermoë gedoen om die beste vir die jong Martin te soek. Op 15-jarige leeftyd bring hy hom na die Dominikaanse klooster in Heidelberg. Die bedoeling was dat Martin toegerus sou word vir die lewe in die Roomse Kerk. Die kloosterlewe bied immers alle moontlikhede om die hoogste sport in die hiërgarie van die Roomse Kerk te behaal. In die klooster vind die leergierige Martin vinnig sy voete. Sy studie verloop voorspoedig. Op 'n jong leeftyd verwerf hy 'n magister-graad, en begin hy om die Heilige Skrifte uit te lê.

Toe breek die jaar 1517 aan. Die jaar waarin dr Martin Luther sy 95 stelling op 'n kerkdeur in Wittenberg vasspyker. Dié gebeurtenis sou 'n groot invloed op Martin Bucer se verdere lewe hê.

Die mens wik, maar ...

Heidelberg, die studiesentrum van Martin Bucer, het in die jaar 1518 ook die plek geword waar dr Martin Luther sy 95 stelling verduidelik en verdedig. Hewige diskussies en gesprekke word rondom dié stellings gevoer. Dr Luther plaas ernstige vraagtekens oor die koop van aflatbriewe,

die bediening van die mis en die oppergesag van die pous. Getrou aan die aard van 'n akademikus volg Martin Bucer die verskillende gesprekke met belangstelling en aandag. Die gemiddelde man op straat het hoegenaamd nie die voorreg geken om die Skrifte self na te vors nie. Die Roomse Kerk het gemeen dat die volk leke is wat maar net moet hoor wat die kerk vir hulle voorsê. Omdat Bucer self by magte is om die Skrifte te ondersoek, was hy in die posisie om dr Luther se stelling te weeg en weer te weeg – op die weegskaal van die Skrif. Sy slotsom is dat dr Luther se kritiek op die Roomse Kerk geregverdig is.

Soos wat hy met Luther se geskrifte te doen kry, raak hy al meer en meer tot die leermeester uit Wittenberg se uitsprake en uitleg van die Skrif aangetrokke. Die lewe in die klooster en die streng Roomse omgewing raak beklemmend. Hy praat oor dit wat hy lees en oordink en glo.

Soos wat die tyd aanstap, word dit bekend dat Bucer krities teenoor die leer van Rome staan. Die kloosterowerhede kom daarvan te hore. 'n Boodskap word na Rome gestuur: wat moet met hierdie jong man gedoen word? In antwoord hierop laat Rome weet: Bucer moet van sy gelofte om lewenslank in die klooster te bly, onthef word. Dit was in die jaar 1521. Op 30 jaar is hy 'n vry man. Maar ook

'n man sonder heencome. Sy oupa het 15 jaar tevore gedink om lewenslank vir hom 'n veilige heencome in 'n klooster te waarborg. Daardie heencome het tot 'n einde gekom. Die menslike waarborg het verval. Bucer moet 'n ander woon- en werkplek vind. Menslik gesproke staan hy in 'n doodloopstraat. Waarheen nou? Die Here voorsien in die daaglikse behoeftes van sy kinders. Kort na sy vertrek uit die klooster in Heidelberg word hy hofkapelaan by graaf Friedrich in Bruchsal, in die Paltz. Hy kry geleentheid om die Woord te bedien sonder om deur die leer van Rome aan bande gelê te word.

Verantwoordelike vryheid

Die vryheid om die Heilige Skrifte uit te lê en te bedien sonder om deur pouslike voorskrifte gekniehalter te word, is 'n heerlike vryheid. Maar dit vrywaar die Woordbedienaar nie van nuwe stryd nie. Dit het ds Bucer al gou ondervind. Vryheid in Christus beteken noodwendig gebondenheid aan die wet van God. Die wet moet as reël van dankbaarheid tot eer van God uitgeleef word.

Graaf Friedrich was 'n man wat vryheid anders verstaan het. Hy tree ligsinnig en ongebonde op. Ds Bucer is kragtens sy amp geroep om die graaf daarvoor aan te spreek. Die Woord van die Here moet tugtigend bedien word aan diegene wat vir God en sy gebod geen ontsag het nie. Ook die hoogste owerhede wat nie die wil van die Here doen nie, moet hoor dat hulle verkeerd is en tot bekering geroep word. Hiermee is graaf Friedrich nie tevrede nie. Ds Bucer se vermanings vanuit die Skrif val op dowe ore. Die graaf volhard in sy ongebonde leefwyse. Die vryheid waarna hy soek is geen vryheid in Christus nie, maar 'n vryheid sonder Christus – 'n nuwe soort slawerny.

Na enkele maande van dienswerk as hofkapelaan het ds Bucer geen ander keuse nie as om die hof te verlaat. Die eerste jaar buite die

klooster eindig in 'n sekere sin in ontnugtering. Reformasie kan tog nie beteken dat elkeen doen wat goed is in sy eie oë nie!?

Hoogtes en dieptes

In 1522 word ds Bucer in die huwelik bevestig. Hy trou met Elisabeth Silbereisen, 'n jong vrou wat self in 'n klooster opgevoed is. Elisabeth ken die knellende lewe van die klooster – en weet wat dit is om daarvan bevry te wees. Soos Katharina van Bora, wat ook in 'n klooster opgegroeï het en later met dr Martin Luther getroud is, smaak Elisabeth nou die vreugde van vrywees in Christus. Die huwelik van Martin en Elisabeth Bucer word met die geboorte van drie kinders geseën.

Saam met die vreugde van 'n ryk huweliks- en gesinslewe loop egter die spanning van kerklike stryd. Die reformasie in Duitsland is alles behalwe 'n pad van rosegeur en maneskyn. Behalwe geweldige aanslae vanuit Rome is daar ook uit die geledere van diegene wat aan die reformasie deelneem kort-kort haakplekke. Nie almal wat met Rome breek doen dit uit liefde vir God en die verlossing in Christus nie. Ds Bucer bedien die Woord aan almal wat hulleself reformatories noem, maar kom gou met skok en ontnugtering agter dat talle teenstanders van die Roomse godsdiens hoegenaamd nie aan die eise van God se verbond gehoorsaam wil wees nie. Die hartseer geskiedenis met graaf Friedrich herhaal homself oor en oor.

In die dorp Landstuhl verkondig Bucer die Skrifte in alle eenvoud – maar tegelyk met die grootste erns. 'n Dringende appèl gaan van sy Woordbediening uit: dien die HERE met vrees. Die appèl val op dowe ore. Eers as hy in Weizenburg bevestig word, kom daar 'n Evangeliese gemeente tot stand wat hoorders en daders van God se Woord is. In Weizenburg word sy prediking ryklik geseën. Die Hére seën dit in die harte van die gemeente. Ds Bucer plant en maak nat. God laat groei soos wat

dit Hom behaag.

Maar – waar God werk, daar probeer Satan sy hardste slag slaan. So is dit ook in Weizenburg. In 1521 het die pous hom van sy gelofte om lewenslank in die klooster te bly, onthef. Twee jaar later, in 1523, lyk die prentjie anders. Rome kom van ds Bucer se prediking en leringe te hore. Soos dr Luther, word ds Bucer deur die Roomse Kerk geëkskommunikeer, verban. Volgens Rome is daar vir ds Bucer geen plek in die koninkryk van die hemele nie. Saam met die verbanning begin die Roomse Kerk om ds Bucer persoonlik te vervolg. Hy en sy gesin word ter wille van oorlewing gedwing om Weizenburg te verlaat.

Straatsburg - Universiteitstad

Die Bucer-gesin word te midde van geloofsvervolgung wonderbaarlik gered en bewaar. Die Here laat die werk van sy hande nie vaar nie. In Straatsburg word nuwe deure vir hulle oopgemaak. Die stadsraad van Straatsburg gee aan ds Bucer vryheid om lesings te hou en te preek. Saam met ander reformatore soos Matthias Zell en Capito werk Bucer onverpoosd voort aan die hervorming van die kerk in Straatsburg. Tussen dié drie manne ontstaan 'n heilsame en heerlike band van samehorigheid en medewerking. Die driemanskap stel dit as mikpunt om in Straatsburg 'n opleidings-instituut vir Gereformeerde predikante op te rig. Die kerke van die reformasie het goed opgeleide jong predikante broodnodig. In 1524 word die Universiteit van Straatsburg gestig. 'n Droom word werklikheid. Daar is ruimte vir jong broeders om hulle in die teologie te kom bekwaam. Teoloë van ander lande, onder andere Johannes Calvyn, kry geleentheid om by die Universiteit van Straatsburg teologie te doseer.

Intussen gaan Bucer onverpoosd voort met voorlesings oor die Evangelies, die Psalms en die briewe van Paulus. Die kerkvolk is uitgehonger om die uitleg van die Skrifte op 'n sistematiese, eenvoudig-verstaanbare wyse te

hoor. Bucer kry volle geleentheid om te doen waarvoor die Here hom roep en bekwaam maak en stuur.

Saam met die bediening van die Woord en die werk by die Universiteit word die noodsaak al groter om op 'n goed gemotiveerde wyse die dwalinge van Rome te weerlê. Ook die dwalinge van die Wederdopers moet uitgewys en uit die Skrif aangespreek word. Die Wederdopers verkondig 'n vryheid sonder grense. Oral in Europa breek opstande en chaos uit. Veral onder die boere, wat met geweld probeer om die Roomse juk af te werp. Op alle fronte moet die reformatoriese kerke teen aanslae van Satan toegerus word.

Weldra word Bucer bekend vir sy onvermoeide arbeid in diens van God. Sy soeke na ware vryheid in Christus, die vryheid waarvan die Skrifte spreek, maak hom oral in Europa bekend. Sy weerstand teen Rome en die Wederdopers dwing hom om met 'n fyn oog na die Skriftuurlike voorskrifte vir die kerkregering en die staatsorde te kyk. By dit alles tree hy as gespreksgenoot met Luther en Zwingli op. Dié twee kerklike voorgangers se uiteenlopende standpunte oor die nagmaal bring ernstige beroering in die reformatoriese kerke. Bucer belê gespreksgeleenthede om die verskillende denkers om een tafel te laat sit en met mekaar te laat praat. Nie altyd met sukses nie. 'n Insiggewende verklaring is by Augsburg (1530) uitgereik. Tog het die partye mekaar nie

gevind nie. Dit bemerk ons vandag nog. Die nagmaalviering in die Lutherse Kerk verskil fundamenteel van die nagmaal in die Gereformeerde Kerke. Bucer het selfs ruimte geskep dat daar godsdienstige gesprekke tussen gematigde Rooms-Katolieke en die Hervormers plaasgevind het (Regensburg, 1541 en 1544, Augsburg 1548). Calvin het eweneens daaraan deelgeneem. Ook dit was sonder sukses.

Nuwe wending

In 1541 word die Bucer-gesin swaar beproef. Ds Martin se vrou Elisabeth en hulle drie kinders sterf in 'n pes-epidemie. Bucer is in rou gedompel. Vanuit die dieptes lei die Here sy kinders na nuwe hoogtes, altyd weer. Kort na die dood van sy geliefde Elisabeth tree hy in die huwelik met Wibrandis Rosenblatt, 'n vrou wat reeds twee eggenotes aan die dood moes afstaan: die reformatore Oecolampadius en Capito – Capito, Bucer se getroue medewerker.

'n Nuwe fase breek in Bucer se lewe aan. Die woelinge in die kerklike lewe neem nie af nie. Dit neem toe. Sy reglynige prediking en toepassing van die tug word nie langer in Duitsland geduld nie. By dit alles breek die Schmalkaldische oorlog in Duitsland uit. Weereens moet Bucer vlug – nou na Engeland.

In Engeland kom hy in kontak met ds Cranmer. Daar neem hy aktief aan die reformasie van die Britse eilande deel. Hy vertaal die Nuwe Testament in Latyn, hou voorlesings

by die Universiteit van Cambridge en bestry die tugtelosheid in die Engelse kerke met hand en tand. Sy laaste boek skryf hy vir koning Eduard VI (1550). Dit handel oor die koninkryk van Christus. Daarin verdedig hy 'n christelike politiek, dring hy aan op die verbetering van die volkslewe, pleit hy vir die oprig van skole en opheffing van die beskawingspeil.

Op 28 Februarie 1551 sterf Martin Bucer. Hy was nog geen 60 jaar oud nie. Hy word in Engeland eervol begrawe. Ses jaar later, toe Maria Tudor – *bloody Mary* – aan bewind was, word sy liggaam opgegrawe en op 'n brandstapel verbrand. Sy graf word tot niet gemaak. 'Bloedige Maria' was nie met die kragtige Skrifuitleg van ds Bucer gediend nie, en straf hom ses jaar na sy dood met 'n straf wat vir kettters van destyds bedoel is. Baie jare later het Koningin Elizabeth I die daad van 'bloedige Maria' probeer regstel deur ds Bucer se naam in ere te herstel.

Epiloog

Wat die mens ook al aan Martin Bucer gedoen het, terwyl hy geleef het en selfs nadat hy gesterf het: sy werk in diens van God bly staan. Sy bydrae tot die reformasie was en is van onskatbare waarde. Hy is 'n broeder in die geloof op wie se werk ons vandag mag voortbou. *Moet voortbou.* Dit is immers hoe reformasie werk: dit sal aanhou tot aan die dag van voleinding, selfs onder swaar beproewing.

Aktueel

Ds LJ Erasmus, Pretoria-Daspoort

Resepsieteorie: dwaalgees van die hermeneutiek

Die Resepsieteorie is 'n produk van die strukturalisme. Dit dig aan alle literatuur 'n nie-verwysende karakter toe en stel objektiwiteit

voorop as die belangrikste vereiste om die betekenis van 'n teks te bepaal. Die 'Leser-Responsteorie' of 'Resepsieteorie'

is ooglopend vol problematiek vir die gelowige wat die Woord van God hoog ag. Die leser, in sy self-bepaalde objektiwiteit, ontvang

nou die grootste aandeel in die produksie¹ van betekenis en nie die oorspronklike en finale Outeur – die Heilige Gees – nie. Die leser is dus die teks se meester. Hy besluit self binne watter konteks van verwagtinge hy die teks sal lees om daaraan sin te gee. Daar is gevolglik nooit enige korrekte interpretasie van die teks nie. Wanneer 'n geskrewe stuk aan die Leser-Respons Kritiek onderwerp word, is daar dus slegs lesings moontlik wat in mindere of meerdere mate interessant, verliggend, nuut of waardevol is².

Hierteenoor is die deur-God-bepaalde-waarheid van God se Woord, die Bybel, die werklike ruggraat van die christelike geloof, die Woord wat tot in ewigheid bly (1 Petrus 1:23, 25). Indien die kerk, as pilaar en grondslag van hierdie waarheid (1 Timoteus 3:15), sou inkoop in die dwaalleer van die Resepsieteorie – naamlik dat elke leser sy eie betekenis en daarom sy eie waarheid kan bepaal – is die absolute van God en sy genade ook op die spel. Die leser van die Bybelteks, die moderne mens, is dan vry om sy eie lesing van enige Skrifgedeelte te kies. Daarmee word die deur wyd oopgemaak vir al die verskillende vorme van verwerping van die Skrif se Goddelike gesag. Of dit nou Pragmatisme is (wat sukses aan die Bybel toevoeg), of Mistisisme (wat gevoelservaring toevoeg), of Tradisionalisme (wat die verlede byvoeg), of Wettisisme (wat menslike reëls toevoeg) of selfs filosofie soos Sielkunde (wat menslike gewoontewysheid toevoeg), bly die eindresultaat altyd dieselfde: die Woord van God neem die tweede plek in teenoor die uitvindings en verbeeldinge van mense. Koppel hierdie verwerpinge van Skrifgesag aan die feit dat heelwat kerkmense nie meer self hul Bybel lees nie, en die

werklikheid word nog pynliker. Ons het deesdae op groot skaal te make met geestelik verarmde mense wat nie meer volgens God se Woord kan onderskei tussen reg en verkeerd nie. As elkeen se eie Leser-Respons ook vir die Bybel geld, dan bly daar geen absolute meer oor nie. Dit, terwyl die Bybel juis gegee is om die gelowiges toe te rus om ons lewe só te leef dat ons God daarmee behaag (2 Timoteus 3:16-17; 2 Petrus 1:3). Ons moet geestelik groei (2 Petrus 1:5-8; Jakobus 1:2-5), deur gehoorsaamheid aan die Woord van God (Kolossense 3:16; Handeling 20:32; 2 Timoteus 3:16-17), soos die Heilige Gees in ons lewens werk (Galasiërs 5:16, 22-25; Hebreërs 5:12-14) om ons geestelik volwasse te maak.

Nuwe definisie van sonde

Een van die grootste vreugdes wat die Resepsieteorie aan sy aanhangers verskaf, is die herdefiniëring van sonde. Omdat sonde nie meer deur God se norm, die wet, bepaal mag word nie, is dit maklik vir die moderne mens om sy sondebegrip meer aanneemlik en aanvaarbaar in te kleur – presies soos sy eie verstaan dit goedkeur. Die moderne mens se hoogste soeke is vervulling. Daarom word sonde, wat ten diepste selfsug en rebellie teen God is, nou herdefinieer as 'n foutiewe en gebrekkige strategie om vervulling te bereik. Die mens en sy regte is outonoom. Nie eers God het die reg om die mens as 'n ontaarde en verdorwe sondaar te beskou nie. Die moderne mens verkies beslis om die begrip sonde te vervang met die konsep van die mens as 'n slagoffer van sy omstandighede. Deur hierdie subtiele en verleidelike vrug van die Resepsieteorie is dit baie maklik om die etiese standarde te verskuif vanaf 'n God-gesentreerde na 'n humanistiese oriëntasie. Sodoende word 'n belangrike saak soos die evangelisasie van wêreldlinge na die christelike geloof, terselfdertyd ook die progressiewe evangelisasie van christene na die wêreld. Die mens se eie verstaan is nou die finale

norm en nie meer God almagtig se heiligheid nie.

Ou probleem, nuwe baadjie

Hierdie saak is, alhoewel dit 'n oënskynlik nuwe dwaling is, tog nie iets waarop ons Here Jesus Christus ons onvoorbereid gelaat het nie. Ons vind die Bybelse riglyn om hierdie dwaling aan te spreek onder andere in die eerste vier gelykenisse van Matteus 13. Heel toepaslik is die opdrag van Christus in Matteus 13:9 gerig op die Leser-Respons Kritiek: 'Wie ore het om te hoor, laat hom hoor!' Dié woorde is die vervulling van Jesaja se profesie, waar die volk hoor en glad nie verstaan nie (hoofstuk 6). Dit is 'n aanduiding van die nadruk wat Christus daarop plaas dat ons voorbereid na die teks moet luister, dat ons die ore wat God gee (geloofsgehoorsaamheid) moet gebruik. Christus verduidelik dit in sy eie verklaring van die gelykenis van die saaiër.

'As iemand die woord van die koninkryk hoor en nie verstaan nie, kom die Bose en roof wat in sy hart gesaai is – dit is hy by wie langs die pad gesaai is' (Matteus 13:19). Verharde harte is geen goeie grond vir ontkieming nie. Die groter aantrekkingskrag van die genietinge van hierdie lewe verskuif die fokus weg van die Woord. So word die saad van die waarheid weggeroef by hoorders wat nie voorbereid is om die Woord te ontvang nie. Die bese en verdorwe mens van die een-en-twintigste eeu het geen tyd of belang om die waarheid van God te oordink nie. Tyd is geld, en wie huiwer verpas die bus van plesier en voorspoed. Hierdie mense se ontvangs van die evangelie van redding word baie duidelik bepaal deur hul eie vooropgestelde idee. Hulle is self in beheer van hul eie lot. Hulle streef verbete om hulself te verlos van hul minder bevoorregte materiële en geestelike omstandighede. Hulle het geen Verlosser nodig, behalwe tyd en eie prestasie nie. Omdat hulle nie die begrip van sonde teen 'n heilige God verstaan nie, begryp hulle nie hul eie sonde en verlorenheid nie. Daarom word die gesaaide Woord

1 Die Literêre Wetenskap van die Leser-Respons-Teorie (LRT) ken die produksie van betekenis nie meer aan die skrywer - wat woorde saamvoeg - toe nie, maar aan die persoon wat woorde lees.
2 Hierdie vier kriteria (interessant, verliggend, nuut of waardevol) is die norme waarvolgens die voorstanders van die LRT enige geskrewe teks beoordeel, omdat hulle self die inhoudelike waarde/betekenis van die teks volgens eie voorkeur en goeddunke bepaal.

ook maklik van hulle geroof; hulle het dit van die begin af onbelangrik geag. Hulle respons op die evangelie is een van minagting en onbelang. Sodoende verloor hulle ook enige voordeel wat die saad van die Woord moontlik kon bied, want die Bose kom en roof wat in sy hart gesaai is, deur die inherente boosheid van sy eie hartsrespons, omdat die mens self bepalend optree in die waarde van die teks wat hy lees – nie die waarheid van God nie.

‘En by wie op rotsagtige plekke gesaai is – dit is hy wat die woord hoor en dit dadelik met blydschap aanneem; maar hy het geen wortel in homself nie, hy is net vir ’n tyd, en as daar verdrukking en vervolging kom ter wille van die woord, struikel hy dadelik’ (Matteus 13:20-21). Die Here wys die leegheid van die hoorder wat geen diepte in die geloof vertoon nie, uit. Stresfaktore, soos verdrukking en vervolging ter wille van die Woord, bring struikeling. Dit is ’n voorbeeld van iemand wat die Skrif sonder konteks wil bestudeer. Sonder die onmiddellike tekstuele en hele Skriftuurlike konteks wat Jesus Christus uitjubel as die gesaliede Verlosser wat van God gestuur is, is so ’n interpretasie en verstaan baie vlak, en kan dit onder druk baie maklik verander word om aan die eise van die tyd toe te gee. Volgens eie emosionele beleving en voorkeur bepaal die hoorder self dat die vrugte net tydelik is. Dit gaan oor wat die kerk my bied, of dit wat ek ontvang my tevrede stel. Sodra die woord iets meer van my eis, onttrek ek. Ek is ’n verbruiker, nie ’n deelnemer nie. Ek is ingeburger in die huidige kultuur en stel net belang in dit wat ek oortuig is enige waarde vir my het. As die prediking en die Woord my nie laat goed voel oor myself en my lewe nie, dan verander ek eenvoudig van gemeente of van denominasie – totdat ek vind en ontvang wat ek glo ek nodig het. Hierdie mense se respons op die evangelie is misleidend. Aanvanklik wil dit voorkom asof hulle tot geloof

kom, maar dit is ’n skyn geloof – die skyn van eiebelang wat bevredig word in die emosionele verheffing van die metodiek van sy godsdiens. Hier is die wye keuse tussen Christus-plus-opsies nou vir die wêreldling beskikbaar. Tussen Pragmatisme, Mistisisme, Tradisionalisme, Wettisisme en ander menslik-vervaardigde strominge is daar baie ruimte vir elkeen wat nie sy saligheid aan Christus alleen wil toevertrou nie. Omdat hierdie mens sy eie respons bepaal, volgens sy voorkeur uit die Christus-plus-godsdiens, het hy geen wortel in homself nie. Sy blydschap oor die evangelie is net tydelik. By verdrukking en vervolging ter wille van die suiwere woord, struikel hy dadelik. Die mens se verstaan van sake van ewigheidswaarde kan nooit volgens sy eie begripsvermoë alleen bepaal word nie – dan is die respons altyd tydelik en subjektief van aard. Sonder die absolute en ewige waarheid van die enige, ware God is daar geen sin in enige godsdiens nie.

‘En by wie in die dorings gesaai is – dit is hy wat die woord hoor, maar die sorg van hierdie wêreld en die verleiding van die rykdom verstik die woord, en hy word onvrugbaar’ (Matteus 13:22). Soos Demas (2 Timoteus 4:10) vertoon sommige hoorders ook ’n ander respons op die Woord. Die sorg en aanloklikhede van hierdie wêreld weeg swaarder as die vreugdevolle Woord wat hulle ontvang het. Met verdeelde aandag verstik die Woord in die sorg van rykdom, armoede of ander wêreldse prioriteite, sodat dit geen geloofsvrug dra nie. Die leser se respons word dus deur eksterne faktore buite die Skrif bepaal. Die leser reageer deur die Woord te enkapsuleer, deur die inwerking daarvan op sy hele lewe te verhinder en te beperk volgens sy eie voorkeur van verstaan. Wie Jesus Christus nie bely as die weg en die waarheid en die lewe nie (Johannes 14:6), kan nie tot saligmakende geloof kom nie, kan nie met die Vader in die hemel versoen word nie, omdat

hy nie deur die geloof die leiding van die Heilige Gees ontvang wat hierdie dinge bewerk nie. Ware geloof is juis ’n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, ’n bewys van die dinge wat ons nie sien nie (Hebreërs 11:1), maar wat tog deur die inwerking van God se onomstootlike waarheid, soos in sy Woord geopenbaar en deur die voorbereiding van die Gees van die waarheid in ons harte ingeplant, vrugte dra. As die mens se respons op die teks nie deur die normale lees van die teks en verwante tekste (die evangelie) bepaal word nie, word dit deur die mens se eie kleinlike vermoë bepaal. Daarom is dit so beperk en uitsigloos dat dit verstik en afsterf – omdat die mens deur sy eie tekorte die saad van die Woord onvrugbaar maak.

‘En by wie op die goeie grond gesaai is – dit is hy wat die woord hoor en verstaan, wat dan ook vrug dra en oplewer: die een honderd-, die ander sestig-, die ander dertigvoudig’ (Matteus 13:23).

VAN DIE REDAKSIE

Dankie aan elke leser wat die afgelope jaar op verskillende maniere insette gelewer het om die publikasie van *Waarheid en Dwaling* moontlik te maak. Die redaksie kry terugvoer van heelwat mense wat die inhoud van die blad met vrug kan gebruik. Daarvoor dank ons die Here.

Vanweë verhoogde druk- en posgelde is die redaksie genoodsaak om die intekengelde vir 2008 na R150,00 te verhoog. Indien u probleme ondervind om hierdie intekengeld by te bring – ons dink veral aan pensioenarisse en studente – is u welkom om mev Hanneke Das te skakel en ’n reëling te tref. Neem ook kennis dat mev Das se e-pos adres na jdirkdas@magalies.net verander het.

Hierdie hoorder toon die regte respons, omdat hy deur die Gees van God gelei word. Hulle ontvang die Woord met die ontvanklike sagtheid van 'n voorbereide akker. Weens die diepte van die geloof wat God gee kan dit wortel skiet en vrug in oormaat dra, volgens die genade van onderwerping en diensbaarheid wat God vooraf geskenk het. Dit is die enigste vorm van Leser-Respons wat vir God aanvaarbaar is – omdat Hy dit Self deur sy Heilige Gees bepaal.

Net so kan die gelykenis van die onkruid (Matteus 13:24-30) ons help om te verstaan dat die Bose die waarheid van die goeie saad van God se Woord nie kan verdra nie. Daarom word dit selfs vanuit die kerk en die kansel besoedel, word daar subtiel die onkruid van eie verstaan en swak eksegese en ontoereikende hermeneuse gesaai, terwyl die ouderlinge, die regeeramp in 'n salige niksdoen sit en droom en nie meer waak teen die dwaalleer van vrye, intuïtiewe en humanistiese menslike denke en eiewillige interpretasie nie. Ook die gelykenis van die saaiër waarsku dat die onkruid van die mens se ek-respons in die oestyd, afgesonder van die koring, verbrand sal word.

Gelykenisse in praktyk

Die gelykenisse van die mosterdsaad en die suurdeeg (Matteus 13:31-35) bou voort op Christus se waarskuwing teen die dwaalleer in die hermeneuse. 'n Baie klein fout (mosterdsaad), of een wat insieel klein vertoon, kan in die hermeneutiek van die tyd insluip en uiteindelik baie groot

en skokkende vrugte dra – in teenstelling met die bedoeling dat 'n klein bietjie geloof deur genade kan groei tot 'n magtige en God-vererende en diensbare boom. 'n Beklemmende voorbeeld hiervan is die idee dat die een-en-twintigste-eeuse christen tot groter verstaan van die Bybelteks in staat is, dat 'n meer gesofistikeerde verstaan van die Skrif noodwendig meer waarde inhou as die onontwikkelde en ongeletterde verstaan van die christene van die apostoliese tyd. Dit bring selfs die voorbarige hoogmoed dat die huidige geslag dinge kan insien wat niemand vantevore in staat was om te begryp nie. So word die Leser-Respons van die Bybelteks nie meer ewig dieselfde deur die Gees van God bepaal nie, maar kan sekere tekste nou anders gelees word as tydens die afgelope 2 000 jaar. Dieselfde waarskuwing lê ook opgesluit in die gelykenis van die suurdeeg wat al die meel deursuur – een klein bietjie twyfel gesaai dat daar sogenaamde oneffenhede in die Bybel bestaan, lei tot die afskuwelike groot vrug van 'n algemeen aanvaarde verwerping van absolute Skrifgesag (veral die onfeilbaarheid, die genoegsaamheid en die volkomenheid volgens Artikels 2-7 NGB) onder sekere wetenskaplikes (sogenaamde Godgeleerdes).

Die verwarring wat die Resepsieteorie huidig ook binne die kerk bewerk, is skrikwekkend sigbaar in die ironiese feit dat die Evangeliese Inisiatief, wat 'n terugkeer tot Skrifgesag bepleit, 'n outeur as medewerker het wat

sy eie gebrekkige verstaan op sy lesers projekteer. Dié outeur-hoogleraar beweer dat God nie nou altyd elke veldslag teen Satan wen nie, maar dat Hy darem uiteindelik sal triumfeer. Dit word gestel as belydenis en teenvoeter teen die Nuwe Hervorming wat die Skrif uitmekaar skeur. Die Nuwe Hervorming verwerp die maagdelike geboorte van Christus, die liggaamlike opstanding en die wese van die uitverkiesing, omdat hulle ook 'n allesomvattende waarheid buite die Bybel bely – 'n meervoudige toegang tot saligheid buite Jesus Christus. Watter verskriklike vrug van hierdie dwaalgees van die hermeneutiek, van die Resepsieteorie, word nou vir ons herkenbaar in die stryd tussen gedeeltelike verwerpers van Skrifgesag (in hul Godsbeskouing van 'n hulpelose en onmagtige God) en die totale verwerpers van enige Skrifgesag, wat self besluit watter deel van die Godsopenbaring hulle as waar en seker sal aanvaar.

Daar is niks nuuts onder die son nie – ook nie nuwe sondes nie (Prediker 1:9). Daarom het die Here Jesus ons in sy liefdevolle en sorgsame voorsienigheid bewapen om ook hierdie dwaalgees te kan bestry met die eenvoudige en kinderlike geloof van elkeen wat sy Skrifbeskouing bou op die ontsagwekkende heiligheid van God. Dit is nie die mens, die lesers, wat die waarde en waarheid van die Skrif bepaal nie. God, die finale Outeur, verleen aan sy Boek absolute gesag. Wie dit verlaat, stap op 'n donker aggrond aan (Psalm 73:12).

Persskou

Dr GJ Meijer, Wonderboompoort

Ons huwelike en die bruilof van die Lam

In *Kompas* van September 2007 skryf ds Erik van Alten oor die diep en ryk betekenis van die christelike huwelik. Verskeie sake word aan die orde gestel, onder andere

die wyse waarop kerke met die huweliksbevestiging te werk moet gaan. Uit die artikel word slegs die deel aangehaal wat 'n insiggewende heilshistoriese lyn tussen die

huwelik van God se kinders en die bruilof van die Lam trek.

Ds van Alten skryf: *Ons lewe in 'n tyd waarin die huwelik*

onder geweldige druk staan; ons land het een van die hoogste egskeidingsyfers in die wêreld. Daarby word die dekadensie van ons samelewing al hoe duideliker sigbaar in onder andere homoseksuele verhoudings/ huwelike, voorhuwelike seksuele omgang en die praktyk van saamwoon.

Kyk ons na die dag van die huweliksluiting self, sien ons ook op hierdie punt kommerwekkende tendense. Dit is naamlik die tendens om byna alle klem te plaas op die glans en vonkel van die groot okkasie. Maande vantevore word daar alreeds 'n begin gemaak met die beplanning van die huweliksbevestiging en die daaropvolgende bruilofsfees. Letterlik tienduisende rande word bestee om 'die groot dag' onvergeetlik te maak. Die

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Redaksie: *Waarheid en Dwaling*

Dr GJ Meijer
Ds HLJ Momberg
Dr HS van der Walt
Mev JC de Wind
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 332 4676
e-pos: gerardjmeijer@gmail.com
jokedewind@gmail.com

Webbladsy: <http://www.vglonline.net>

Administrasie-adres:
Mev Hanneke Das
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 331 4733 (na 19:00)
e-pos: jdirkdas@magalies.net

Intekengeld:
R150 per jaar en addisionele bydraes
kan inbetaal word by:
Waarheid en Dwaling
Spaarrekening 9054701904
ABSA, Waverley, Pretoria

Tegniese versorging:
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031

strikies en die lintjies, die kerse en die blomme, die klere en die kleure – alles word tot in die fynste besonderhede uitgewerk. Die lyn tussen feestelikheid en uitspattigheid is baie fyn, en word in baie gevalle oorskry. Ongelukkig is Christene nie vry van hierdie tendens nie. Ook onder kerklidmate dreig die gevaar dat die fees en die gepaardgaande uiterlike vertoon meer klem kry as die beloftes wat voor die Here en sy gemeente aan mekaar gedoen word, asook die lewenslange verantwoordelikhede wat daarmee gepaard gaan.

Gesien bogenoemde probleem-skets, dring die vraag hom onwillekeurige aan 'n mens op: wat doen die kerk om die huwelike van lidmate op gesonde voet te laat begin en deurgaans gesond te hou? Wat doen die kerk om daartoe by te dra dat die huwelike van lidmate "in sy Naam begin en tot sy eer volbring word"? ...

Geen man of vrou slaag daarin om in hulle huwelik die ideaal wat Paulus in Efesiërs 5 skets, na behore te reflekteer nie. Man en vrou se liefde en respek vir mekaar laat veel te wense oor. Almal wat as Christen in 'n huwelik lewe, kry te make met die realiteit van liefdeloosheid, selfsug en heerssug in die huwelik. Ons sukkel om die voorbeeld wat aan ons gegee word, na te volg; ons sukkel om ons spieël-funksie na behore te vervul.

Maar dit is nog geen rede om te wanhoop of die huwelik as mislukte instelling af te skryf nie. Ons huwelike is nie gedoem om in 'n hopie vol hartseer te eindig nie. Nee, met val en opstaan in ons huwelike is ons op pad na die voltooiing van alle dinge. Christus is besig om ons, ten spyte van alle sondigheid in ons huwelike, heen te lei na die komende bruilof van die Lam! Die bruilof van die Lam (Openbaring 19:6-9; sien ook Matteus 22:1 e.v., 25:1 e.v.) sal die fees wees waar die perfekte eenheid tussen Christus en die gemeente – waarvan elke huwelik vandag reeds 'n refleksie behoort te wees – vervolmaak sal word. Hier

sal God se kinders in ewige vreugde en feesvieringe ervaar waarna hulle, as man en vrou, hulle lewe lank verlang het. Hier sal realiteit wees wat vandag nog die ideaal is!

In aansluiting by dit wat ds Van Alten stel, is dit opmerklik om te let op die klemverskuiwing wat oor die afgelope jare in die wyse van huweliksbevestiging ingetree het. In die verlede was dit normaal dat 'n egpaar in die kerk(gebou) trou, en selfs by die kerk ruimte skep om saam met die gemeente feestelik te verkeer. Toe het die tendens begin posvat om die huwelik by die kerk te sluit, en die fees elders te vier. Tans word dit al meer en meer die gebruik om by die venue waar die fees gevier word in 'n kapelletjie te trou. Sommige bruilofgaste skroom nie om die huweliksbevestiging te mis (veral as daar 'n groot sportgeleentheid is), en net die partytjie by te woon nie.

In die lig hiervan is ds Van Alten se artikel en oproep van die allergrootste belang. As die huweliksluiting en die daarmee gepaardgaande huweliksfees nie meer gerig is op die bruilof van die Lam en die bruilofsfees van die Lam nie, mis ons die punt geheel en al. Dan moet ons in alle eerlikheid vasstel of ons nog van 'n christelike huwelik – dit wil sê: 'n huwelik in Christus – kan praat. Is ons dan nie besig met 'n wêreldgelykvormige aktiwiteit waarvoor hoogstens 'n christelike sousie gegiet word nie? In hierdie opsig blyk hartgrondige reformasie uiters noodsaaklik te wees.